| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA
(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **CA&R 23/04**
Datum verhoor: / Date heard: **21/09/2004**
Datum gelewer: / Date delivered: **22/09/2004**

In die saak van:

**MAASDORP, SEDRICK** Appellant

en

**DIE STAAT**

**Respondent**

*Coram: Lacock R et Tlaletsi R*

---

## UITSPRAAK OP APPÉL

---

**LACOCK R:**

1] Die appellant het op 26 Oktober 1998 in die Streekhof, Upington, tereg gestaan op 'n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Hy het skuldig gepleit op hierdie aanklag, en het sy regsverteenwoordiger, prokureur Snyman, 'n skriftelike pleitverduideliking aan die verhoorhof voorgehou waarkragtens die appellant al die elemente van die

aanklag erken het.

Die Streekhoflanddros het hom na skuldigbevinding op dieselfde dag gevonnis tot agt jaar gevangenisstraf.

2] Op 22 Augustus 2002, dit wil sÍ byna vier jaar nadat die appellant skuldig bevind en gevonnis is, liaseer hy ‘n kennisgewing van appél teen sowel sy skuldigbevinding en vonnis, en versoek terselfdertyd dat kondonasie aan hom verleen sal word vir die laat liasering van sy kennisgewing van appél.

3] Die redes vir die laat liasering van die kennisgewing van appél soos aangevoer deur die appellant lees as volg:

> “Ek was en is onkundig in die regstelsel.
> *Misleiding van die Korrektiewe Dienste Lede.*
> *Dat ek ‘n jeugdige was, en dus oningelig.”*

[31] Hierdie redes is so totaal onoortuigend dat dit nouliks as gegrond of goed aangemerk kan word. Ek is van mening dat die aansoek vir kondonasie op grond van die voorgaande alleen van die hand gewys behoort te word.

Sien **Blumenthal & Another v Thomson NO & Another 1994 (2) SA 118 (A) te 121 I**:

> "This Court has often said that in cases of flagrant breaches of the Rules, especially where there is no acceptable explanation therefor, the indulgence of condonation may be refused whatever the merits of the appeal are; this applies even where the blame lies solely with the attorney."

[32] Nietemin, en aangesien mev. Jansen namens die Staat nie beswaar het teen die oorweging van die meriete van die appél nie, sal ons ook hierdie element van die aansoek oorweeg. (Vergelyk **S v Thobakgale & Others 1998 (1) SASV 703 (W) te 708 g**).

4] Die pleitverduideliking namens die appellant aan die verhoorhof voorgehou, lees as volg:

> "Ek, die ondergetekende, Shadrick Maasdorp, beskuldigde 3 pleit skuldig op 'n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal en ek erken die volgende. 1, Dat ek op 4 November 1997 te Upington binne die regsgebied van hierdie Agbare Hof die gebou van Club CDF oopgebreek het deur die voordeur te breek en die gebou binnegegaan het met die opset om te steel. Ek erken dat ek die goedere soos per aangehegte lys, die eiendom van Jan Gharies gesteel het. 2, Ek erken dat die waarde van die goedere R33 980.00 beloop en dat my optrede wederegtelik was. Ek beweer dat ek vergesel was van Talton Plaatjies en Rodney Kroon. Ons het die gesteelde goedere gedra tot buite die gebou maar toe ons 'n voertuig sien aankom het ons gedink dat dit die polisie was en het toe weggehardloop."

Die verklaring is deur die appellant onderteken en bevestig.

[4.1] Mnr. Nel wat die appellant in hierdie appél verteenwoordig, het toegegee dat die skuldigbevinding

ooreenkomstig die reg geskied het, en dat daar nie enige vooruitsig op sukses met die appél teen skuldigbevinding is nie.

Ons meen dat hierdie toegewing korrek gemaak is.

5] Wat vonnis aanbetref betoog mnr. Nel dat die vonnis so skokkend swaar en onvanpas is dat bevind sal word dat geen redelike Hof dit sou opgelÍ het nie, en versoek dan dat hierdie Hof daarmee sal inmeng

[51] Dit is geykte reg dat die oorweging van ‘n gepaste vonnis binne die diskresie uitoefening van die verhoorhof val, en dat ‘n Hof van appél slegs daarmee sal inmeng indien dit sou blyk dat die verhoorhof sy diskresie onbehoorlik uitgeoefen het. Sien **S v M 1982 (1) SA 589 (A) te 592 G**; en **S v Pieters 1987 (3) SA 717 (A) te 728 B**.

[52] Die Hof *a quo* het myns insien gebalanseerd oorweging gegee aan die erns van die misdryf, die gemeenskapsbelang en die persoonlike omstandighede van die appellant. Mnr. Nel betoog egter dat die Landdros oordrewe gewig geheg het aan die vorige veroordelings van die appellant.

Die persoonlike omstandighede van die appellant en sy vorige veroordelings is as volg deur die Landdros in sy uitspraak op vonnis beskryf:

> "Wat beskuldigde 3 aanbetref is hy gebore 28 Januarie 1979, hy is 19 jaar oud. Hy is besig om 'n twee jaar gevangenisstraf uit te dien vir poging to moord. Hy was gevonnis in Junie 1998. Hy het die skool in standerd 9 aan die einde van 1997 verlaat.

*Nou het beskuldigde 3 'n probleem, want hy is nou een van daardie jong persone wat blykbaar onder die wanindruk verkeer het dat 'n mens maar kan aanhou en aanhou om kwaad te doen en niks gebeur aan die einde van die dag nie. In 1997 is hy die eerste keer aan huisbraak skuldig bevind.*

> *Die oplegging van vonnis was vir vyf jaar uitgestel en nieteenstaande die feit dat hy verskeie kere daarna soortgelyke misdrywe gepleeg het was hy nooit opgeroep nie. Daarom wat ek sê die wanindruk wat baiekeer ontstaan by jeugdiges is dat hulle maar net kan aanhou kwaaddoen. Vier/vyf maande na die eerste skuldigbevinding aan inbraak is hy aan 'n tweede inbraak skuldig bevind en toe houe met 'n ligte rottang opgelê, dit was 'n inbraak by 'n kafee die eerste een was by 'n kerk gewees.*
>
> *1988 Meimaand, dit is toe weer so plus minus ses maande later was hy skuldig bevind aan diefstal, dit is nie bekend aan wat nie en was hy weer houe met 'n ligte rottang opgelê. Hy is ook skuldig bevind in 1992 aan aanranding met die opset om ernstig te beseer wat nie nou ter sake is nie. Toe het hy vir 'n tydjie skoon geloop.*
>
> *Toe in 1996 is hy weer skuldig bevind aan 'n inbraak by 'n woning waar 'n videomasjien gesteel is, die waarde was R1 900.00 en as 'n jeugdige was hy toe drie maande gevangenisstraf opgelê, 'n baie kort termyn. Maar dit moes ook nie 'n heilsame uitwerking gehad het nie want nege maande later op 17 Junie 1997 is hy skuldig bevind aan 'n verder inbraak by 'n besigheidspersoeel waar die waarde R40.00 was en aan 'n verder inbraak by 'n woonperseel waar die waarde R3 240.00.*
>
> *Nou daardie twee inbrake was op 8 Maart 1996 gepleeg.*

> *Toe het die hof vir hom 'n kans gegee. Die hof het die twee klagtes saamgeneem vir vonnisdoeleindes en hy het 18 maande korrektiewe toesig gekry en hy moes 300 uur gemeenskapsdiens verrig het. Voordat daardie laaste vonnisse verby is het hy heengegaan en hierdie ordentlike inbraak gaan pleeg waar daar amper R34 000.00 se goed gesteel is."*

[53] Benewens die voorgaande lys van vorige veroordelings, het die Landdros ook as strafverswarend die volgende in ag geneem: Die waarde van die gesteelde goedere naamlik byna R34 000.00; dat die misdaad beplan was; dat slegs goedere ter waarde van R24 000.00 teruggevind is en die klaer steeds skade van ongeveer R9 000.00 gely het; dat die appellant tydens die diefstal skade binne die perseel van die klaer aangerig het in 'n bedrag van ongeveer R500.00; en dat die appellant nie uit nood die misdryf gepleeg het nie.

[54] Daarteenoor het die Landdros in die guns van die appellant aanvaar dat hy berou getoon het deur skuldig te pleit.

[55] Mnr. Nel betoog voorts dat die Landdros uit die oog verloor het dat die appellant nog nie voorheen 'n lang termyn van gevangenisstraf uitgedien het nie, dat 'n termyn van agt jaar gevangenisstraf onredelik swaar is en dat 'n gedeelte daarvan opgeskort moes gewees het.

[56] Mnr. Nel het laastens verwys na die sake van **S v Coales 1995 (1) SASV 33 (A)** en **S v Olivier & Andere 1996 (2) SASV 387 (NK)** ter ondersteuning van sy argument. Sonder om in besonderhede in te gaan, is dit duidelik dat die omstandighede van beide sake verskil van dié van die onderhawige saak. Uiteraard moet elke geval op sy besondere meriete oorweeg word.

6] Na my mening was die Landdros nie alleen geregverdig nie, maar ook regtens verplig om ernstige oorweging te verleen aan die appellant se reeks vorige veroordelings en om dit as effektief verswarend teen die appellant in ag te neem. Die appellant het op sy jeugdige ouderdom hom skuldig gemaak aan so 'n indrukwekkende aantal vorige oortredings dat dit myns insiens baie duidelik is dat hy 'n ernstige gevaar vir die goed van andere inhou daar hy duidelik geen respek vir die eiendom van 'n ander het nie. Die gemeenskap is moeg daarvoor om voortdurend met al hul aardse goed agter slot en grendel te leef uit vrees vir 'n onregmatige inbreuk daarop. Hul verwagting dat die howe erkenning sal verleen aan die reg op die beskerming van hul eiendoms- en besitsreg op hul aardse besittings is 'n realistiese en regtens verantwoordbare verwagting. Hieraan moet die howe met verantwoordelikheid ernstige oorweging gee, en kan dit alleen doen deur die

oplegging van sodanig gepaste vonnisse wat nie alleen sal dien as vergelding vir die daad wat ‘n oortreder gepleeg het nie, maar ook om onder andere, andere te poog om te voorkom dat andere soortgelyke dade pleeg.

[61] Die vonnis wat die Landdros die appellant opgelÍ het, is ‘n swaar vonnis, maar myns insiens kan nie gesÍ word dat dit sodanig swaar of onredelik is dat hierdie Hof daarmee behoort in te meng nie.

**Ek is vervolgens van mening dat daar geen voortuitsigte op sukses in die appél is nie, en word die aansoek om kondonasie van die hand gewys.**

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

___________________

LP Tlaletsi
**REGTER**

**Namens appellant:** Adv IJ Nel
**Namens respondent:** Adv CG Jansen